**Woensdag 5 Augustus**

**Skrifgedeelte: Maleagi 4:1-6**
**Fokusgedeelte: Maleagi 4:4-6**

## Maleagi – Vanuit die verre verlede oor vandag tot in ewigheid

As gelowiges staan ons ’n hele paar eeue ná Maleagi. Ons het pas nie net die slotverse van die boek Maleagi nie, maar ook die afsluiting van die profetiese boeke en die Ou Testa-ment gelees. Maleagi, wie se naam “boodskapper van Jahwe” beteken, staan as profeet tussen die Ou en die Nuwe Testament.

Daar is iets van ’n gang in ons teksverse – dit waarop die klem in die Ou Testament geval het, naamlik die wet van Moses as reël vir ’n dankbaarheidslewe, word vir oulaas beklemtoon. Dan word die profeet Elia ’n toekomsfiguur gemaak. Elia wat gevra het: “Hoe lank nog hink julle op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hom na; maar as dit Baäl is, volg hom na!” (1 Kon. 18:21). Hy moedig die volk aan om te kies en reg te kies, sodat die Here nie die land heeltemal hoef te vernietig nie.

Johannes die Doper kom en hy verkondig dat die Koninkryk van God naby gekom het (Matt. 3:2). Jesus Christus het die koninkryk van God tot by ons gebring, tot in ons gebring deur die Heilige Gees. Waar die Ou Testament afsluit met ’n dreigement dat God die aarde dalk met oordeel sal tref, sluit die Nuwe Testament af met die toesegging: die genade van ons Here Jesus Christus sy met julle almal (Op. 22:21).

Maleagi, boodskapper tussen testamente, getuig van gister en môre ... en jy, profeet van Christus tussen sy eerste en tweede koms, getuig jou lewe van sy genade wat jy reeds deelagtig geword het?

*Sing: Psalm 86:3 (1936)*
*Ds. S (Simon) Hibbert (Koster)*